DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**10 Julie 2022**



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

Datum : 10 Julie 2022

Tyd : 09:30

Prediker : Student NP Wepener (Philip)

## Ontmoetingsdiens

Votum en Seëngroet : (Bid)
Lofpsalm : Psalm 117: 1
Geloofsbelydenis : Apostoliese Geloofsbelydenis
Sing : Skrifberyming 12-3: 1, 2

## Verootmoedigingsdiens- en Versoeningsdiens

Wet van Die Here : Eksodus 20: 1 - 17 (‘83 vertaling)
Sing : Psalm 94: 6, 8

## Woorddiens

## Epiklesegebed

Skriflesing : Matteus 18: 21 - 35 (‘83 vertaling)
Teksverse : Matteus 18: 21 - 22, 35 (‘83 vertaling)

Tema : Ons hemelse Vader is genadig en Hy vergewe ons ons skulde, daarom moet ons genadig wees en ons skuldenaars van harte vergewe.

## Antwoorddiens

Dankgebed

Dankgebed: Skrifberyming 10-2

Slotpsalm : Psalm 25: 3, 4

## Sending

Uitstuurseën (Bid)

Was jy al ooit so benadeel deur iemand dat jy gevoel het jy kan daardie persoon nie vergewe nie? Selfs as daardie persoon omverskoning vra of vir vergifnis by jou pleit? Dit is regtig moeilik soms om 'n persoon wat verkeerd teenoor jou opgetree het, te vergewe. Maar ongeag wat so 'n persoon aan jou gedoen het, leer Jesus ons dat ons mag nie weier om te vergewe nie. Hy het in die Onse Vader-gebed ons geleer bid: *"Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe"* (Matt. 6:12; HK Sondag 51). Om hierdie bede van vergifnis prakties te verstaan en in gehoorsaamheid te bid, illustreer Jesus dit met 'n gelykenis (Matt. 18:21-35). In hierdie gelykenis openbaar Hy: *Ons hemelse Vader is genadig en Hy vergewe ons ons skulde, daarom moet ons genadig wees en ons skuldenaars van harte vergewe.*

## OOG VIR MEKAAR

* Ons verwelkom weer vir Teologiese student Philip Wepener hier in ons midde. Ons bid jou die seen van die Here toe met die verkondiging van die Woord.



* Ons bid vir ons broers en susters wat gesondheidsprobleme ondervind. Mag die Here julle spoedige genesing skenk.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 10 JULIE

**Diensbeurt: P4 Silikon Myngenoegen** **Katkisasie: GEEN**

**Ouderling: MJ Venter** **Diaken: Theuns Du Preez**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**10 Julie**
**Marileen de Witt**
**Annemarie Du Plessis**
**Alwina Eilers**
**Sandra Eloff**
**Ina Erasmus**

***17 Julie***
**Zelda Erasmus**
**Ina hamman**
**Hilda Hattingh**
**Hantie Hoogenboezem**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

Neem asseblief kennis dat daar geen ***Bybelstudie*** sal wees nie.

***ONTHOU ASB !!!***
***Diakensvergadering op Maandag 18 Julie om 18:00 by die kerk.***
***Finanskommissie vergadering op 19 Julie om 18:00 by die kerk.***





# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 11 Jul | Ansie Roets | 68 | B | 072 033 9420 |
| Di 12 Jul | ***Rita Du Plessis ***** | ***84*** | B | 061 640 3717 |
| Do 14 Jul | Adriaan vd Walt | 68 | B | 082 900 7453 |
| Vr 15 Jul | Hardus Reinecke | 30 | B | 079 690 5130 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Do 14 Jul 2011 | Wynand & Louisa vd Walt | 11 | 078 176 0964<br>078 965 8226 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*En hoe kan iemand preek*
*as hy nie gestuur is nie?*
*Daar staan ook geskrywe:*
*"Hoe wonderlik klink die*
*voetstappe van dié wat die*
*goeie boodskap bring."*

*Romeine 10:15*

## KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diakens:

***Ouderling:***
**Stephan Coetzee**

**Diakens:**
**Piet Kruger, Jan Albert Coetzee en Willem v Wyk.**

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

# *GEMEENTEKAMP*

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.***

Hou hierdie spasie dop vir besprekings en pryse!!!
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!



## SUSTERS (VETKOEK EN MAALVLEIS)

Onthou DIE datum

Die ***susters*** verkoop op ***Vrydag 29 Julie*** die lekkerste vetkoek en maalvleis in die dorp.

Gee jouself ‘n aand af en kom ondersteun die susters en kom koop vetkoeke by die kerk.

Teen slegs **R 30.00** per vetkoek gevul met lekker maalvleis en **R 10.00** vir ’n “plein vetkoek” is dit so goed soos gratis.

Plaas jou naam op die lys agter in die portaal om jou bestelling te waarborg.



# EVANGELISASIE



**Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees**

**<u>1Pet 3:9</u>**
**Moenie kwaad met kwaad vergeld...**
**Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.**



**<u>ROMEINE 12:14 AFR83</u>**
**Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie.**

**<u>LUKAS 6:28 (AFR83)</u>**
***...BID* vir die mense deur wie julle sleg behandel word.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



**<u>'n Paar praktiese wenke;</u>**

- **Bid dat die Here jou gebruik in Sy Koninkryk**

- **Onthou, groet en seën die mense wat op jou pad kom.**

- **Seën die leiers in jou kerk,werk, dorp, land en ook die taxi drywer**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen.  Sien bankbesonderhede hierbo

*21. Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?"*
*22. Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.*

*Matteus 18: 21 - 22*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS